Maandag 25 Mei
Skrifgedeelte: Lukas 9:28-36
Fokusgedeelte: Lukas 9:35-36
Toe was Jesus daar alleen

Die mens is altyd op soek na iemand om leiding te gee. Mense na wie ons kan luister wat ons die rigting aanwys. Deur die eeue het God verskillende mense gestuur na wie die volk kon luister.

Vroeg in Israel se geskiedenis stuur God vir Moses. Hy was die tussenganger na wie die volk moes luister. Tydens een ontmoeting vra Moses die Here om sy heerlikheid aan hom te toon en God het sy wens vervul (Eks. 33:22). Wanneer Moses van die berg afgaan, praat hy met die volk en maak God se wil aan hulle bekend.

Jare later stuur die Here vir Elia om met die koning en die volk te praat. Uiteindelik sou Elia ook by Horeb kom waar die Here sy heerlikheid aan hóm bekendmaak (1 Kon. 19:12).

Dit is dus nie verbasend dat hierdie twee mense met die Here Jesus praat terwyl die "voorkoms van sy gesig anders geword en sy klere skitterend wit" nie. Moses het God gevra om aan hom sy heerlikheid te toon (Eks. 33:18) en baie jare later is sy gebed steeds verhoor. Op die berg staan Moses en Elia in gesprek met Hom wat "die ewebeeld van die wese van God is, uit wie die heerlikheid van God straal" (Heb. 1:3). Tog is daar meer. Moses en Elia verteenwoordig die Wet en die Profete, en Jesus is die een wat hulle vervul (Matt. 5:17). Toe die dissipels ontwaak, sien hulle sy heerlikheid, soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. Moses was uniek en 'n goeie middelaar, Elia was die groot profeet van Israel, maar Jesus is groter as hulle.

As gelowiges jaag ons nie die belewenis van Moses of Elia na nie, want 9:36 sê: *"Nadat die stem gekom het, was Jesus daar alleen."* Die wat in Christus glo, het nie gekom by Horeb of by Sion nie. Ons het gekom by die lewende God en by Jesus die volmaakte Middelaar en Profeet (Heb. 12:18-26). Vir ons wat op soek is na leiding en rigting, mag die Gees ons gedurig herinner aan wat Christus gesê het (Joh. 14:26). Want die Vader self sê: *"Dit is my geliefde Seun; luister na Hom!"*

*Sing: Psalm 19-1:1, 4*

*Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/Saldanha)*